
GELOOF In Die Woord

Geloof is uit die gehoor en die gehoor is deur die Woord van God Rom. 10:17

"..In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God. En die Woord het vlees geword en het onder ons gewoon…" Joh. 1:1 & 14



FAITH In The Word

Faith cometh by hearing and hearing by the Word of God. Rom. 10:17

"...In the beginning was the Word, and the Word was with God, and the Word was God. And the Word became flesh and dwelt among us…" John 1: 1 & 14

POSBUS 232, BALLITO, 4420 · TEL: (032) 551 1836 / 551 2419 · FAKS: (032) 552 5411

2008

'n nuwe jaar - 'n nuwe begin

Wat `n wonderlike geleentheid is aan ons gegee om `n splinter nuwe jaar te begin met `n nuwe frisheid en hernude hoop in Jesus vir wat dit sal bring. Ons weet dat ons geen vrees hoef te hê vir wat die toekoms sal bring nie, as gevolg van die versekering wat ons Hemelse Vader aan ons in Sy Woord gee! Ons het Sy wonderlike beloftes wat vrede in ons hart gee en kennis dat Hy in beheer is, nie net aangaande Sy eindtyd plan vir die wêreld nie, maar ook vir die lewens van elkeen van ons wat Sy kosbare kind is. Wat `n gerusstellende waarheid waarmee ons ons Reis met die Here in 2008 kan aanpak!

Om die nuwe egter te begin, moet ons gewillig wees om die negatiewe dinge van 2007 te laat gaan, en dit is waarom ek hierdie onderwerp vir die eerste nuusbrief van 2008 gekies het. Dit is belangrik dat ons al die goeie dinge wat die Here vir ons in die afgelope jaar gedoen het onthou en Hom met vreugdevolle harte te dank, maar dit is vir ons noodsaaklik om ons harte van al die hartseer en spyt skoon te maak, die seerkry en teleurstellings wat aan ons klou en dit vir ons moeilik maak om opnuut te begin! En ons kan dit met die Here se hulp doen!

Mooi herinneringe is van die mens se kosbaarste besittings en die oordenking daarvan bring groot vreugde en vrede. Maar herinneringe aan die onaangename dinge, die swart kolle in jou verlede, kan so 'n ongelukkige toestand in jou hele lewe skep dat dit jou op elke gebied affekteer, maar weereens is Jesus Christus ons Lig, Geneser, Hersteller en Raadgewer.

Ons lees in Jes. 61:1-3**: "Die Gees van die Here is op My, omdat die Here My gesalf het om 'n blye boodskap te bring aan die ootmoediges. Hy het My gestuur om te verbind die gebrokenes van hart, om vir die gevangenis 'n vrylating uit te roep en vir die geboeides opening van die gevangenis, om uit te roep 'n jaar van die welbehae van die Here en 'n dag van die wraak van onse God, om al die treurendes te troos, om vir die treurendes in Sion te beskik dat aan hulle gegee word sieraad vir as, vreugdeolie vir treurigheid, 'n gewaad van lof vir 'n verslae gees, sodat hulle genoem kan word terebinte van geregtigheid, 'n planting van die Here, tot Sy verheerliking."**



"Ons weet dat ons geen vrees hoef te hê vir wat die toekoms sal bring nie, as gevolg van die versekering wat ons Hemelse Vader aan ons in Sy Woord gee! Ons het Sy wonderlike beloftes wat vrede in ons hart gee en kennis dat Hy in beheer is, nie net aangaande Sy eindtyd plan vir die wêreld nie, maar ook vir die lewens van elkeen van ons wat Sy kosbare kind is."

Ons moet in gebed uitreik na ons Hemelse Vader, en in die naam van Jesus ons Verlosser en Geneser vra dat Hy ons aanraak en herstel. Soek 'n stil, afgesonderde plekkie waar jy rustig en ongehinderd met jou Hemelse Vader kan gesels. Soek Sy aangesig nederig en eerlik met lof en danksegging, begin deur jou sonders te bely en vra Hom om vergifnis, soos ons vergewe het. Dit is belangrik dat jy die versekering in jou hart het dat Jesus die Here in jou lewe is. Indien jy nog nie vir Jesus as jou Verlosser aangeneem het nie, is hierdie die tyd om die noodsaaklike stap te neem. Gebruik jou gesag as gelowige, wat aan jou as dissipel van Jesus gegee is in die Groot Opdrag volgens Mark.16:15-18. Neem gesag in die Naam van Jesus oor elke bose mag wat Satan teen jou gestuur het. Vra die Vader om hulle aan jou te openbaar deur Sy Heilige Gees. Vra Hom

(vervolg op Bl. 2)

(Vervolg vanaf Bl. 1 - 2008—'n Nuwe jaar—'n nuwe begin)
om hierdie leemtes met Sy Heilige Gees, Sy liefde, blydskap en vrede te vul. Die volgende gebed is 'n riglyn van hoe jy tot die die Here, moet bid, wanneer jy met die verlede deel en bevryding van skadelike herinneringe wil ontvang.

Vader, ek dank U vir U Seun, Jesus, wat nie net aan die kruis gesterf het vir my sonde en siektes nie, maar vir elkeen van my seerplekke en vrese. Ek dank U dat Jesus dieselfde is gister, vandag en tot in ewigheid en dat Hy begeer dat ek volkome heel moet wees na verstand, siel, liggaam en gees.

Vader, ek dank U vir U begeerte en vermoë om elke gebied van my lewe, insluitend die verlede, te heel. Ook vir die wete dat U my volkome sal herstel in die wonderlike Naam van Jesus. Ek breek met elke sonde van die derde en vierde geslag in my bloedlyn, en breek elke binding en vlek in die Naam van Jesus, en ek vra dat U my vrymaak.

Vader U Woord sê dat U my geken het voordat ek gebore is. Dankie vir die versekering dat U daar was toe ek in my moeder se skoot gevorm is, en ek vra dat U enige bose invloed wat probeer het, selfs vanaf my geboorte, om my lewe te beïnvloed sal verwyder en my vry te maak. Dankie dat U daar was toe ek gebore is en dat U my altyd liefgehad het. Ek hoef nooit verwerping te ken nie, want U was altyd by my. Here al die kere waar ek deur moeilikhede gegaan het – (noem hulle hier, bv. egskeiding van ouers, verwerping, skeiding, dood van 'n geliefde, verraad ens.) vul my met U liefde, vergewensgesindheid en krag. Verwyder die seer van verwerping, elke vrees, alle traumatiese ondervindings en skaamte. Gedurende tye waar ek gevoelens ondervind het van mislukking, minderwaardigheid, onvoldoendheid, verlies, onbekwaamheid, mense in die steek gelaat en te kort skiet aan hulle standaarde. Here maak my asseblief vry van al hierdie dinge in my verlede en gee my die vermoë om dit te laat gaan. Ek loof en dank U dat U my vry maak.

Vader ek dank U vir my vader en moeder. Laat asseblief U Goddelike liefde tussen ons vloei, heel asseblief misverstande en herstel die gebroke verhoudings. (sommige mense groei op in huise sonder liefde en vertroue) Gee dat vergifnis plaasvind, en nuwe bande van liefde geknoop word.

Vader ek bring my broers en susters voor U troon van genade. As daar gevoelens van kompetisie of jaloesie was, laat U genesende krag nou uitwissing en herstel bring, en skenk 'n nuwe liefde en begrip tussen ons sodat ons mekaar kan aanmoedig en ondersteun.

Baie dankie Here vir U liefde wat my deur my tienderjare gedra het. Al die vrese en emosies wat ek ondervind het, die beskerming wat U aan my voorsien Het in tye toe ek onverantwoordelik opgetree het. Die tye toe ek verleë was en skaam gekry het of vir watter ander rede ookal, was U liefde altyd daar. Dankie vir U beskerming gedurende tye toe ek blootgestel was aan sondes soos drank, verdowingsmiddels en seks. U beskerm my van alle kante. Bevry my asseblief van al hierdie dinge in my verlede, soos ek hulle aan U deur gebed bely en reinig my van dinge uit die verlede wat my lewe beïnvloed het. DANKIE VIR DIE BLOED VAN JESUS WAT MY WITTER AS SNEEU WAS.

Dankie dat U deel van my huwelik is. Heel alle seer wat gedurende hierdie tyd plaasgevind het, elke kneusplek en seer, elke harde woord wat in 'n oomblik van woede gespreek is. Laat U Goddelike liefde weereens tussen ons vloei, en gee aan ons die begeerte en vermoë om mekaar te vergewe en van voor af 'n verhouding te begin wat deur U liefde beskerm word. (Daar is mense wat deur die hartseer van egskeiding, bitterheid en eensaamheid gegaan het) Here, raak my aan en heel my nou en gee aan my 'n nuwe insig in my huweliksmaat se hart en lewe. Dankie Vader vir my kinders. Neem asseblief elke gevoel van mislukking en skuld, as 'n ouer weg. Toe ek onreverdige straf uitgedeel het of te streng was om my liefde te toon. Toe ek woorde van kritiek en woede gespreek het en nagelaat het om hulle te bemoedig en te vertroos. Vader heel asseblief al die pyn wat as gevolg van my handelinge ontstaan het. Ek vra hulle om vergifnis en ek vergewe hulle onvoorwaardelik vir enige seer wat hulle my aangedoen het.

Vader ek dank U dat U by my was gedurende tye van siekte, ongeluk en verdriet. Ek gee al daardie tye uit die verlede aan U en vra dat U my sal aanraak en bevry van elke hartseer, smart en trauma. Dankie vir nuwe vrede en blydskap.

Dankie Here vir die werk wat U in my lewe gedoen het, dankie dat U my genees, bevry en gevul het met U liefde. Help my asseblief om myslelf te aanvaar en om andere lief te hê met my hele hart, siel en krag. Dankie dat U my liggaam, siel en gees skoongemaak het en my vernuwe het. Dankie dat U my volkome heel gemaak het, ek gee aan U al die lof en eer in Jesus se Naam, Amen.

> Bid aanhoudend en dank die Here vir die volmaakte bevryding wat Hy in jou lewe gedoen het, en dat Hy sal aanhou om jou te beskerm en lei. Ps. 138:8 belowe dat:
>
> Die Here sal dit vir my voleindig!

GOEIE BESLUITE VIR 2008

(Vervolg op Bl. 6)

a fresh START

It is so important at the beginning of this new year that we start with a clean slate, body, soul and spirit. This is part of the preparation of the Bride of Christ for His soon coming. We need to do some "house cleaning", (you know that you are the temple of God) and our resolution for this New Year should be one of leaving the past behind, having dealt with its issues, and moving forward to the wonderful future that we, who know the Lord Jesus Christ, and are therefore called children of the most High God, can have.

The Ministry from the Christian Centre here at Stanger began with the emphasis on the healing of physical sickness and ailments through the miracle working Power of God's Holy Spirit. We tried to impart the understanding of God's infinite love and His will, which is to see people whole and healthy, and that it has never been His will and never will be for His children to be sick and infirm. We have also always emphasised the most important aspect of regeneration, namely repentance from sin, forgiveness and the new birth in Jesus Christ. This is absolutely imperative for total healing. The Body, soul and spirit of man are inseparable and Father God desires to heal the whole person. The soul consists of the intellect, emotions and will. Man has been given a free will, which he uses to make choices. God does not choose for us and the will of man is out of bounds to Satan. Our choices rest with us. The choices we make are our responsibility alone. No one can choose for you or me in this new year. Gradually, God showed us that the majority of His children, including many sincere, faithful people, were walking around with wounds and bruises within their emotions and soul, as a result of unforgiveness, hurts and disappointment. These tend to re-occur time and time again resulting in pain and unhappiness, to the degree that they are unable to lead a victorious spiritual life! They are incapable of displaying a joyful, happy image for the glory of Jesus Christ. This need tears at our hearts and if you have such a need, we want to assure you that this article will lead you to streams of quiet waters, and your life will be restored and refreshed, so that you will be able to sing a new song in this new year of 2008, through God's Word and Jesus Christ our Saviour. The same Holy Spirit of God Who brings about physical healing to our bodies, is able to do the same for our emotional injuries, but it depends upon our obedience to the commands and instructions of Father God in His Word, the Bible, in order that the chains of the tormentor, Satan might be broken in your life.



"...God showed us that the majority of His children, including many sincere, faithful people, were walking around with wounds and bruises within their emotions and soul, as a result of unforgiveness, hurts and disappointment. These tend to re-occur time and time again resulting in pain and unhappiness, to the degree that they are unable to lead a victorious spiritual life!"

In the first public message of Jesus' Ministry, He said that He had not come to heal only physical sickness, but also the broken hearted and to set the captives free **"……. Because He has anointed Me to preach the gospel to the poor. He has sent Me to heal the broken hearted, to preach deliverance to the captives and recovery of sight to the blind, to set at liberty those who are oppressed. To preach the acceptable year of the Lord." (Luke. 4:18 and 19)** This describes inner healing, and Jesus came to earth to heal these hurts as well. A sick heart is described by Jesus as the source of all unclean, human evil (Matt. 15:18 and19). Therefore a healthy heart is the source of blessings in the life of a person! No new discovery, or political direction or church doctrine is as important as the complete healing of a heart through placing its past into perspective in the light of God's eternity. By inner healing the lonely can be freed from captivity. The depressed can receive light in their oppressive state of gloom. Those who feel that no one loves them will receive acceptance and the ability to give and receive the glorious emotion of love. The crippling of guilt which seems irremovable will be removed and when we are freed of all the oppression that hurtful memories can bring we will realise that Scriptural thoughts are mightier than the enemy's ones, because the Bible is God's written Word and Jesus Christ is the Living Word. (Joh. 1:14)

Dealing with the past, hurts and disillusionments transforms the inner man. The thoughts, emotions, painful memories and emotional bruises are brought into captivity in line with the Word of God, under the Lordship of the Lord Jesus Christ. It is the process of being freed from

(Continued on page 4)

(Continued from page 3 - A Fresh Start)
feelings of inferiority, rejection, self-pity, depression, guilt, fear, heartache, hate, regret, disappointments, condemnation, and worthlessness by means of forgiveness, prayer and taking every thought captive to the Word of God and choosing to have your mind renewed by God's Word. And this will give our life a brand new start.

Rom 12:2 says: **And do not be conformed to this world, but be transformed by the renewing of your mind, that you may prove what is that good and acceptable and perfect will of God.**

Inner healing is thus the renewing of your mind regarding yourself and others. It is being cleansed by the Word and the Spirit of God. Jesus said in John 14:27: **"Peace I leave with you, My peace I give to you; not as the world gives do I give to you. Let not your heart be troubled, neither let it be afraid.**

In Isaiah 53:5 we read of Jesus: **But He was wounded for our transgressions, He was bruised for our iniquities, the chastisement for our peace was upon Him, and by His stripes we are healed.**

Jesus saves us from our sins! - "Spiritual healing". He brings us peace - "Inner or emotional healing," and He heals our bodies - "Physical Healing". Jesus wants us to be completely whole!

To begin with a fresh start this year, we need to know and do the following:

Confess our sins, (especially the sin of unforgiveness) and repent of them. Embrace with understanding the full price that Jesus paid on the cross so that we might have life and that more abundantly. (Joh. 10:10) He defeated Satan on the cross, through His shed blood, so that we could be loosed from all the bondages and chains that Satan had legally upon us. These have been broken and we need to receive by faith the freedom we now have as disciples of Jesus and Children of the Most High God. After prayer for healing and deliverance, we must walk as Jesus walked by the renewing of our mind and thoughts through reading and being obedient to the Word of God.

For the Word of God is living and powerful and sharper than any two edged sword, piercing even to the division of soul and spirit, and of joints and marrow, and is a discerner of the thoughts and intents of the heart. (Heb. 4:12). It acts as 'spiritual surgery' whereby the 'growths' that have formed in us are excised – the 'growths' of fear, hate, anger, jealousy, envy, self pity, unforgiveness and bitterness. Jesus is the Healer. Of Him it is written in Isaiah 61:1-3: **"The Spirit of the Lord God is upon me, because the Lord has anointed me to preach good tidings to the poor; He has sent me to heal the broken-hearted, to proclaim liberty to the captives, and the opening of the prison to those who are bound; to proclaim the acceptable year of the Lord, and the day of vengeance of our God; to comfort all who mourn, to console those who mourn in Zion, to give them beauty for ashes, the oil of joy for mourning. The garment of praise for the spirit of heaviness; that they may be called trees of righteousness, the planting of the Lord, that He may be glorified."**

See how beautifully God sums up inner healing in this portion of scripture, and then Jesus repeats it again speaking of Himself in Luke 4:17-19.

And Jesus is the Anointed One who comforts and binds up and sets free!

A friend of our family had received very little demonstrative love from her father as a child, which left a great aching void in her life. She expected her husband to fill this void once they were married, but to no avail, as her husband was not her father and could not possibly fill that need of a little girl for her father. Her husband could not take the place of her father. But she gave her heart to Jesus and became born again of the Spirit of God and Jesus filled the emptiness in her heart, by His Holy Spirit. He will fill every void, He will meet every need. He will be all to us, a Father, a mother, a friend, even a husband (Is. 54:5). Jesus will take away all hurt and grief and old thoughts and thought patterns which brought pain, and they will lose their power to hurt and influence our behaviour. Today, our friend is joyful, lively, content, and at peace within herself and with others, not because her husband changed, but because Jesus met her inner need and restored her. The same applies to grief.

Through prayer and obedience to God's Word, Jesus the Healer will heal every wound by His Holy Spirit, and will wipe away every painful thought and memory. Sometimes the memory remains but it will not be painful any more. The pain - that deep wound, will be anaesthetised. The oil of the Holy Spirit heals that sore place.

He cleanses us and gives us His Peace. Col. 2:11-15 gives us a wonderful description of this surgery.

Jesus is the only one who can remove our sadness through healing the inner man, and He will do it if:

1. We WANT to be loosed from Satan's bondages.
2. We DESIRE to be free of old thought patterns.
3. We DESIRE to be made whole and new.
4. We DESIRE to stay free to serve Him and be a testimony for Him so that others may come to know Him and be set free!

Jesus Christ is not bound by time and space, He is the same yesterday, today and forever. (Heb. 13:8)

He knows our hurts and needs. He wants us to live in the present, today, and not in the past. Philip. 3:13 says: **Brethren, I do not count myself to have apprehended; but one thing I do, forgetting those things which are behind and reaching forward to those things which are ahead.** Let go of the past!

Some people enjoy living in the past, they relive their lives and bring up all the old hurts of the past, becoming real martyrs. Jesus cannot help people such as these, because they do not WANT to move on. We must DESIRE recovery if we really want to know inner peace. He is faithful and well able to make this a reality in our lives. Read Col. 1:13-14 to confirm this: **He has delivered us from the power of darkness and translated us into the kingdom of the Son of His love in whom we have redemption through His blood, the forgiveness of sins.**

It is quite clear that if you repent before Father God and allow Jesus to be your Saviour and Redeemer and Lord of your life, His precious Blood will cleanse you of all sin (1 John 1:9). However, we must realise that the enemy of our souls will try and put all sorts of thoughts, ideas and lies into our minds, contrary to the Word of God of course, to try and rob us of our faith in God, not only as far as our redemption and deliverance are concerned, but just to break us down and frustrate us so that we become ineffective Christians. This is so unnecessary,

(Continued on page 8)



Ons God van wonderwerke

…..Briewe wat getuig van die Here se goedheid en getrouheid

Ek moet u vertel wat vandag gebeur het. Ek het 'n rukkie terug vir my moeder, Mev Tait gevra om vir u te vra om vir 'n vriendin van my se seun, Andre Gouws te bid, aangesien hy geweldig siek is met chroniese asma en hy het al 2 heupvervangingsoperasies gehad, ens. Wel om 'n lang storie kort te maak, vandag bel my vriendin my en sê Andre het haar gebel en wil haar die volgende vertel; Dat hy sy motor laat regmaak het, maar nie die geld het om die motor te betaal nie en so vir die man gesê het dat hy maar die motor moet hou tot hy kom kan betaal – vandag het die man die motor vir hom gebring en vir hom gesê hy skuld hom niks – dat dit sy tiende vir die dag is ... verder het Andre toe met die motor gaan ry en langs die pad (dit reën in die Transvaal) staan daar 'n man met 'n sambreel, maar die sambreel is toe ... Andre stop toe en laai die man op die man begin met hom praat en sê vir hom dat die Here hom vandag na hom toe gestuur het om vir hom te sê dat hy moet oplet wat hy praat en hoe hy praat, dat hy wanneer hy kerk toe gaan met 'n oop gemoed moet gaan en moet luister wat God vir hom wil sê en gee hom toe ook 3 Bybelversies ... die man vra toe dat Andrè hom aflaai – Andrè vra toe is hy seker want dis half op 'n verlate plek en hy sê toe dis reg – die man klim toe uit en groet, en toe Andrè wegtrek toe is die man weg. Ek glo vandag dat die Here 'n engel na Andrè gestuur het en dat die Here sonder twyfel ons gebede verhoor het. Dank die Here!!

Marlene Bower

Baie, baie dankie vir die groot werk wat julle vir ons mense so getrou te bid wat siek en ongered is. Mag die Heer julle wonderlik seën en mag julle die grootste seën op julle werk ontvang. Ek bid gedurig vir julle. Ag Dr ek het vir julle gevra om vir Amanda my skoondogter te bid wat 'n operasie moes kry. Julle het vir haar gebid en sy is so genees dat sy nie 'n operasie hoef te kry nie. Baie, baie dankie, ek loof die Here alleen want dit is net hy wat kan genees as ons Hom vra.

Met baie liefde en dank
Mev J M Swiegers, Pretoria

Die mens in die wêreld vandag glo nie meer aan wonderwerke nie, glo nie dat daar krag in gebed is nie. Vriendin/vriende in Jesus, ek wil net graag my lewende getuienis aan julle bring. Op die 3de Mei 2005 het ek vir my papsmeer gegaan. Die monster is weggestuur laboratorium toe. Nadat die monster geneem is, is daar aan my gesê dat die moontlikheid van kanker nie uitgesluit is nie. Daar het op daardie stadium 'n bietjie twyfeling gekom. Sondag, 8ste Mei, het ek uitgegaan vir gebed. Op die 7de Junie toe kry ons die uitslag – positief getoets – kankerselle gevind in die baarmoeder.

Ek word verwys na 'n ginekoloog op 2/9/05 wat my weer verwys na 'n spesialis. Nadat ek die ginekoloog gespreek het, glo ek dat die genesing daar alreeds begin het, want die ginekoloog het ek en my man mee gedeel dat hy nie kan verstaan wat aan die gang is nie, want hy sien met die ondersoek wat nie ooreenstem met die uitslag nie.

Op die 5de September 2005 kry ek toe 'n afspraak by die spesialis. Op die 5de September word daar 'n sonar geneem, daar word ook gevind geen kankerselle of weefsels is nie. Die spesialis besluit dat hulle deur middel van 'n operasie weer monsters moet neem vir verdere toetse. Die monsters word weereens weggestuur en die uitslag kom terug en daar was niks gevind nie.

Daar is net een op wie ek my vertroue plaas en dit is Jesus. Hou julle oë net gerig op Hom, want Hy leef werklik. Jesus groete aan julle almal.

Mev E Dutton, Vanderbylpark

Wees gegroet in daardie onveranderlike Naam van ons Koning Jesus.

Dit is 'n voorreg om die brief aan U en die span te skryf. Aan die begin van die jaar, Februarie maand, het ons klasse die ou studente klasse begin hier by die laerskool Alpha. Dr. ek wou amper nie die klasse bywoon nie, omdat Satan my so belig het. Vroeg in Januarie maand kom sê een van die munisipale werkers my, ons wat verlede jaar ingeskryf het om die jaar ons matriek te wil doen is geregistreer by die skool maar intussen het een van die vroue my self gekom sê ons klasse begin Februarie maand. En dr. ek is toe oor skool toe. Daar gekom ons is toe almal ingeskryf.

Aan die begin van die jaar toe was ons 25 studente, maar soos die tyd geloop het, is ons nou baie minder. Dr. en span ek loop toe elke dag die langpad skool toe. Maar elke dag as ek my koringkorrel trek voor ek loop sê die Here vir my Ek is tot alles in staat deur Jesus wat my krag gee. Dr soos die tyd geloop het, het ons al minder geword, maar ek het uitgehou. Toe ons nou Augustus ons Junie eksamen skryf kom bewys die Here my voorwaar ek is tot alles in staat deur Jesus wat my die krag gee.

Dr en span u moet weet ek het die skool in 1991 gelos toe is ek nog in die wêreld. En na 16 jaar waag ek dit om my matriek te gaan studeer. Dr. hierdie God wat ons dien is voorwaar 'n waarmaker van Sy Woord. Ek slaag al my 4 vakke wat ek vir die jaar kan kry, baie, baie goed, alles te danke aan die Here. Vir die jaar is my vakke Afrikaans hoërgraad (67%), Engels hoërgraad (60%), bedryfsekonomie (70%), en biologie (60%).

Dr. en span ek kon dit nie glo nie, my uitslae is ver beter as baie van die kinders op hoërskool wat lankal daar is.

Mej. E Eland, De Aar

(Vervolg vanaf Bl. 2 - 'n Nuwe jaar—'n nuwe begin)

1. Bid aanhoudend en dank die Here vir die volmaakte bevryding wat Hy in jou lewe gedoen het, en dat Hy sal aanhou om jou te beskerm en lei. Ps. 138:8 belowe dat: **Die Here sal dit vir my voleindig!**


2. Lees jou Bybel gereeld want dit is jou Geestelike voedsel en daarsonder kan jy nie groei nie.

3. Prys die Here IN alle omstandighede – ongeag!

4. Leer om God se Woord oor jou omstandighede te spreek – Sy beloftes, Sy voorskrifte. Onthou dat die woord van jou mond 'n aanduiding is van dit wat in jou hart is! Let op daardie woorde want daar is lewe en dood in die tong. **Mark.11:23 "Want, voorwaar Ek sê vir julle dat elkeen wat vir hierdie berg sê Hef jou op en werp jou in die see – en nie in sy hart twyfel nie, maar glo dat wat hy sê, sal gebeur – HY SAL VERKRY NET WAT HY Sê.** (Lees ons boek "Oorwinnaarstaal")

5. Begin elke nuwe dag met die Here en trek die volle wapenrusting van God aan wat Hy aan ons in Efs.6:10-18 gee.

Ons moet in Hom rus, alles vir Hom gee, aan Hom gehoorsaam wees, op Hom staat maak en Hom vertrou. Wanneer die 'lewenssee' rof raak en die wind sterk, en daar donder en weerlig is, moet ons onthou dat Jesus saam met ons in die 'boot' is! Hy is by magte om die golwe en storm stil te maak Hy is gister, vandag en tot in ewigheid dieselfde.



6. Wy jou huis aan die Here toe. Jesus moet tuis voel in elke vertrek.

7. Onderwerp jou aan God. Weerstaan die duiwel, en hy sal van jou wegvlug. Spreek God se Woord in tye van teenspoed wanneer die duiwel aanval en jy in 'n geveg is. (Lees ons boek "Die Tweesnydende Sward")

8. Aanbid en hou gereeld gemeenskap met gelowige Geesvervulde kinders van God.

9. Bid gereeld saam met 'n gebedsmaat.

10. Vergewe elkeen wat jou seergemaak het en probeer om versoen te raak, soos Sy Gees jou lei. (Lees ons boek "Die krag van Vergifnis")


Jy mag vind dat die behoud van jou nuwe vreugde en vrede 'n opdraande stryd is, maar jy het die hef in die hand en dis jou keuse om in die lig van God se Woord te bly wandel en vas te hou aan dit wat jy nou het! God sal dit vir jou moontlik maak indien jy Sy weë kies. Onthou dat daar terugslae, teleurstellings en mislukkings sal kom, maar die oorwinning daaroor word bepaal deur hoe ons dit hanteer. Ons Hemelse Vader,wat ons liefhet, begeer dat ons, ons geloof sal beoefen deur in tye van beproewing in Hom te glo, en volgens Sy Woord op te tree. Dit bou ons geloof, versterk en maak ons volkome. Jak.1:2-4 vertel vir ons: **"Ag dit louter vreugde, broeders, wanneer julle in allerhande versoekinge(beproewings, toetse) val, omdat julle weet dat die beproewing van julle geloof lydsaamheid bewerk." Maar die lydsaamheid moet tot volle verwerkliking kom, sodat julle volmaak en sonder gebrek kan wees en in niks kortkom nie!** Volgens die Woord, kan ons alles deur Jesus Christus doen, wat ons die krag gee, ongeag ons omstandighede. Fil.4:13 sê: **"Ek is tot alles in staat deur Christus wat my krag gee."**

Ons moet in Hom rus, alles vir Hom gee, aan Hom gehoorsaam wees, op Hom staat maak en Hom vertrou. Wanneer die 'lewenssee' rof raak en die wind sterk, en daar donder en weerlig is, moet ons onthou dat Jesus saam met ons in die 'boot' is! Hy is by magte om die golwe en storm stil te maak Hy is gister, vandag en tot in ewigheid dieselfde. Heb.13:8 vertel ons dat: **"Jesus Christus is gister, vandag en tot in ewigheid dieselfde"** Ons Hemelse Vader het aan ons Sy Heilige Gees gestuur om ons te troos, te lei en te versterk, ons is nooit alleen en ons Vader is in volle beheer!

Jesus sê in Joh.14:27: **"Vrede laat Ek vir julle na, my vrede gee Ek aan julle, nie soos die wêreld gee, gee Ek aan julle nie. Laat julle hart nie ontsteld word en bang wees nie".**

Soos ek aan die begin van hierdie boodskap gesê het, ons hoef die toekoms nie te vrees nie, alhoewel ons nie weet wat 2008 inhou nie, WEET ons Wie 2008 vashou, en Hy is ons Anker en ons Rots, ons God op Wie ons vertrou! ●

neem kennis—nuwe boeke



M67—**'n Toekoms vir "Gays"?**
M68—**A future for "Gays"?**
M70—**The Triune God**
M27—**Die Drie Eenheid van God** (*hersien*)
66—**Pauls Thorn in the Flesh**
4—**Paulus se doring in die vlees** (*hersien*)
65—**Getuienisse—Volume 4**



uit Dr James se kantoor

Geliefdes,

Die Here het vir Aaron gevra om Sy volk te seën deur Sy woorde oor hulle uit te spreek, en ek kan nie aan `n beter manier dink om 2008 mee te begin as om Vader God se seëninge oor elkeen van julle uit te spreek nie.

Die HERE sal jou seën en jou behoed; die HERE sal Sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees; die HERE sal Sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee Num. 6:24-26. Mag die nuwe jaar vir julle baie God geïnspireerde geleenthede inhou, waardeur julle skatte vir die ewigheid in die hemel mag vergader, wat vir ewig is!!! Laat ons elke dag van hierdie Nuwe Jaar lewe met ons oë gerig op ons ewige bestemming! Wat `n wonderlike dag sal dit wees wanneer ons almal in die hemel ontmoet! Ja, die hemel is ons toekoms, en die verlede is agter ons, laas jaar met al sy verlore geleenthede, hartseer en frustrasies is verby en ons moet in ons harte voorneem om hulle almal te laat gaan. Waar dit vir ons nodig is om berou te hê en om vergifnis te vra, laat ons dit met opregte harte doen, sodat die Bloed van Jesus ons opnuut kan reinig. Laat ons dan al die seer, hartseer en teleurstellings laat gaan, sodat ons hierdie Nuwe Jaar met nuwe hoop en verwagtings kan binne gaan en ek …..**vergeet die dinge wat agter is en strek my uit na wat voor is Fillip.3:13.**

Nommer 8 is die nommer van "Nuwe Begin" in Bybelse getalle en dit is interessant om daarop te let dat hierdie jaar 2008 is, dus het ons die jaar om opnuut te begin met `n Nuwe Begin! Ons weet nie wat die jaar sal bring nie, maar hiervan kan ons seker wees dat ons Hemelse Vader ons belowe het dat Hy ons nooit sal begewe en nooit sal verlaat nie. Hy sal met ons wees elke uur van elke dag, om ons te beskerm en te lei. Die Here sê: **Ek wil jou onderrig en jou leer aangaande die weg wat jy moet gaan; Ek wil raad gee; my oog sal op jou wees Psalm 32:8.** Hy sê ook: **Vertrou op die HERE met jou hele hart en steun nie op jou eie insig nie. Ken Hom in al jou weë, dan sal Hy jou paaie gelykmaak Spr. 3:5 -6.** Daarom kan ons met vrymoedigheid sê: **Ek stel die HERE altyddeur voor my; omdat Hy aan my regterhand is, sal ek nie wankel nie Psalm 16:8.**

Ek bid dat ons in 2008 `n kwaliteit besluit sal neem om elke dag aan te gryp soos dit aan ons gegee is, beskou dit as kosbaar om dit tot Sy roem te leef! Ons kan egter nie aan beweeg as ons gister se ou bagasie met ons saam sleep nie! Maak die toue los wat jou bind en laat gaan daardie verdriet en seer wat jou aan die verlede bind. God se Woord beloof aan ons dat Sy standvastige liefde nooit ophou nie, en Sy barmhartighede nooit tot `n einde kom nie. Hulle is elke oggend nuut en groot is Sy getrouheid. (Klaagliedere 3:22-23).

Ons liefde en opregte dank aan julle almal wat getrou bid, gee en saam met ons staan soos ons die Goeie Nuus van ons Here Jesus Christus versprei, wat gister, vandag, die Nuwe jaar 2008 en vir altyd dieselfde is! Hy sal aanhou om almal te seën, wat na Hom kom met verlossing, genesing en bevryding en sal in elke behoefte voorsien.

Wees verseker van ons gebede vir julle vir die komende jaar, mag julle in die volheid van Sy planne en doelstellings wandel in 2008!

Met baie liefde

Dr James

Spesiale word van dank

'n Spesiale woord van dank vir die kosbare bydraes wat direk in ons bankrekening inbetaal word.

Dit is vir ons baie belangrik om vir u 'n persoonlike bedankings briefie te stuur, daarom versoek ons u om asseblief u deposito strokie, met u volle naam en volle adres te pos of te faks. Ons sal dit ook waardeer as u vir ons u naam en adres langs u deposito strokie neer skryf wanneer u dit faks, omdat die faks nie altyd leesbaar is nie.

GELOOF IN DIE WOORD / FAITH IN THE WORD

Daar is geen kopiereg op enige van ons kassette en visuele materiaal nie en daarom wil ons u aanmoedig om kopieë daarvan te maak en te versprei so dat die Woord van ons Hemelse Vader uitgedra kan word. Ons vra egter dat dit nie gedoen sal word vir finansiële gewin nie.

***

There is no copyright on any of our audio and visual material, and therefore we would like to encourage you to copy and distribute in order to spread the Word of God. We do however request that this is not done for financial gain.

***

because our Heavenly Father gave us, in Jesus Christ, a perfect way.

Inner healing is certainly not the process of going into the past in order to dig up old buried, messy facts ! It is not trying to find as much old garbage as you can remember! It is getting rid of that garbage and rubbish. It is allowing the Light of the Gospel of Peace of the Lord Jesus Christ to shine in all the dark areas where Satan has hidden the sore and painful grudges and bitterness. It is the forgiving and releasing of things past.

We often think 'out of sight out of mind' when it comes to unforgiveness and bitterness in old relationships. but this kind of reasoning is the same as hiding articles in a corner of a cupboard. When the door is closed we can't see the mess, but eventually, when the cupboard can hold no more clutter, everything tumbles out as we open the door. The same principle holds when it comes to our mind. We can continue to push into our thoughts and minds garbage such as fears, unforgiveness, unbelief, guilt and bitterness, believing that it won't worry us, but it starts to fester in our inner most being, affecting and polluting us, influencing us and causing us to react in the flesh and contrary to the Will and Word of God: Fear, or unbelief could well appear when we least expect it.

There are so many of us who go through life arguing "If only ……" or "what if …." Someone once said that there are two words that should be removed from our vocabulary. One is 'never' and the other is 'always'. "I never do anything right" , "I always fail", "You never do this or that", "You always do so and so." The Word of God promises us deliverance from these long standing bad habits.

Fearful and frustrated people consume large quantities of alcohol, tranquilisers and sleeping tablets in their effort to blot out their past and fear of the future. Millions of rands are spent on visits to doctors and psychiatrists. We praise God for Christian doctors and nurses. Luke was a doctor and was inspired by the Holy Spirit to give us the Gospel of Luke and the book of Acts, God created medicine and gave people the intelligence and ability to use it, but Divine Healing is God's very best. Doctors treat, Jesus heals. Doctors often treat the symptoms but Jesus wants to heal the cause. Jesus is the Great Physician – He alone can heal us completely and make us whole. He wants to heal our broken hearts. Where there is mental confusion, He wants to give us a clear mind. Where there is fear, He desires to encourage us and give us peace. 2 Tim. 1:7 tells us: **"For God has not given us a spirit of fear, but of power and of love and of a sound mind."** (Read our book "Free from Fear")

Our Heavenly Father wants to restore broken relationships, He wants to rebuild shaky marriages. He wants us to have sound relationships with others. He wants to enable us to love others as we would want them to love us, to be able to forgive others as it is expected of us. He wants us to be the person that He has created us to be. If there is one word that could describe the results of inner healing, it would be PEACE. Think of a few Biblical Characters who had deep needs and who received that inner peace. If we think of Saul of Tarsus (Paul) and all the Christians that he murdered before becoming a Christian, we can only vaguely imagine the feelings of guilt and self reproach that continually taunted him. He was truly grieved and repented of having acted in such a manner, asking for forgiveness, and receiving it. He received an inner peace and became a spiritual giant and great apostle of the Lord Jesus Christ. Read our book "Paul's Thorn in the Flesh."

Think of the woman caught in adultery. She must have experienced condemnation and shame, without a shadow of a doubt, but Jesus said **"….. Woman, where are those accusers of yours? Has no one condemned you?" (John 8:10)**

King David not only committed adultery but also allowed the murder of Bathsheba's husband. His illegitimate baby son died. He was obviously overcome with painful and shameful memories. However, the Lord healed his aching heart and David developed into a man after God's own heart. In Psalm 16:9 David writes **"Therefore my heart is glad, and my glory rejoices".** He had received inner peace. David had tremendous regret and pleaded for God's forgiveness, and received it.

Peter experienced deep shame and felt regret when he denied Jesus, but he received forgiveness and peace and eventually became so stable that Jesus called him a rock. The Lord wants each one of us to have this same peace in our hearts in this new year and always. The Bible promises us in Philip. 4:7: **…. and the peace of God, which surpasses all understanding, will guard your hearts and minds through Jesus Christ."**

Read Is. 26:3: **You will keep him in perfect peace, whose mind is stayed on You, Because he trust in You.** And we read in Eph. 2:14: **For He Himself** (Jesus) **is our peace …..**

Thank You Lord for Your PEACE. Thank You Lord for Your inner healing. I am ready by your grace and with your help to start this brand new year, whatever it holds in store for me, because you are my strength and MY TRUST IS IN YOU. ☐